

9 Junie 2011

Jaargang 4 – Uitgawe 18

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Die werking van die Heilige Gees – 'n groter prentjie

**Die Kerk vier eerskomende Sondag, 12 Junie, die Pinkstergebeure, die dag waarop die Heilige Gees uitgestort is (Hand 2), en gepaardgaande wonders soos die geluid van 'n geweldige stormwind, vuur wat verdeel het en op elkeen kom sit het, asook die taalwonder wat plaasgevind het.**

Na Petrus se toespraak het omtrent drie duisend mense tot geloof gekom. Die beskrywing van die eerste gemeente (Hand 2: 43-47) is absoluut idillies, en 'n mens word aangegryp deur die eensgesindheid en die selfloosheid wat die gemeente in Jerusalem gekenmerk het.

Hierdie ideale gemeente begin spoedig steier onder die eerste aanslae wanneer die apostels vervolg word (Hand 5: 17-42), Stefanus gestenig word (Hand 7: 54-60), en Saulus die kerk soos 'n besetene (Hand 9: 1) begin vervolgt.

Hierdie gebeure laat jou besef dat die Heilige Gees nie net deur wondergebeure en die gawes wat Hy aan gelowiges in die kerk skenk, werk nie. Die gevaar was dat die gemeente in Jerusalem knus en selfvoldaan kon raak en die evangelie nie verder versprei het soos die opdrag in Handeling 1: 8 dit wil hê nie. Die gelowiges moes ook in Judea en Samaria getuig. Hoe kry God die gelowiges daar? Hy laat vervolging (Hand 9) toe en die evangelie versprei: *Al die gelowiges... is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria... (en) het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig* (Hand 8: 1, 4). Uiteindelik is dit Paulus (voorheen Saulus) wat in Klein-Asië die evangelie onder die heidene verkondig.

Deur die eeue was daar ook tye toe die kerk in 'n gemaksugtigheid verval het en waar die Heilige Gees gebeure toegelaat het om die evangelie verder te versprei tot in die uithoeke van die wêreld. Sendingwetenskaplikes wys op gebeure wat die kerk gedwing het om die evangelie wyer te verkondig. Nadat Rome beveilig is vir die Christendom, was daar 'n onvermoë om uit te reik na die Kelte en die Gote. Byna as 'n soort straf is Rome deur die Gote binnegeval, en die Westerse deel van die Romeinse Ryk het begin wegkalwe. 'n Nuwe soort heilige Romeinse Ryk ontstaan, met die Gote gevestig in hul midde, maar ook hulle het nie met die evangelie na die noorde uitgereik nie. Weer vind 'n pynlike regstelling plaas as die Vikings die gebiede van die gekerstende Kelte en Gote binneval. Uiteindelik word ook die Vikings Christene en word Europa vir die eerste keer deur die Christelike geloof verenig. In 'n volgende wending onderneem Europa kruistogte teen die Sarasene (Arabië) in Jerusalem en ten spyte van soveel euwels wat daarmee gepaardgaan, word die evangelie steeds versprei. In die meer onlangse verlede was dit steeds Europa wat uitgereik het tot in die uithoeke van die wêreld – al was dit met gemengde motiewe en verskuilde belange.

Die vraag ontstaan: Hoe verder? Daar is steeds die sogenaamde 10/40 venster met onbereiktes en 'n Weste wat intussen grootliks ontkersten het. Hoe gaan die Heilige Gees die verdere verspreiding van die evangelie en die *terugkerstening* van die Weste bewerk? Gaan dit weer aan die hand van 'n soort pynlike regstelling kom wat die kerk uit haar gemaksone ruk en teen wil en dank laat gehoorsaam aan die Groot Opdrag? Ons kan wel vir mekaar sê: Die Heilige Gees laat Hom uiteindelik deur geen vorm van ongehoorsaamheid verhinder om sy wil vir hierdie wêreld te volbring nie.

**Dr André Ungerer**

\*\*\* Volgende week se e-Hervormer word op Woensdag 15 Junie uitgestuur, omdat Donderdag 16 Junie Jeugdag is. Bydraes moet dus reeds voor 08:00 op Dinsdag 14 Junie gestuur word aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer

e-Hervormer

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep aanvaar

- **Ds Frikkie van Wyk** van Newcastle na Montana-Oos
- **Prop Liza-Marie Swanepoel** na Sasolburg-Suid

## Beroep bedank

- **Dr Daan van Wyk (jr)** van Wolmaransstad na Ebenhaézer (Ellisras)

## Vakante standplaas

- Aansoeke vir die vakante **deeltydse standplaas** van **Gemeente Onverwacht** word ingewag. Onverwacht is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus.

Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate (406 belydende lidmate) bestaan. Die gemeente is ingedeel in 37 wyke met ongeveer 200 besoekpunte. Oor die algemeen is die kerkbesoek met eredienste goed en die Kinderkerk word ook goed bygewoon. Betrokkenheid by ander gemeentelike aktiwiteite soos die karnaval en ander fondsinsamelings is redelik. Finansiëel is die gemeente selfversorgend. Naas die standplaas met deeltydse versorging word die gemeente tans deur ds Coenraad Strydom in die voltydse standplaas bedien.

Naas Woordverkondiging – 1 erediens per maand – en bediening van die sakramente, moet die kandidaat ook betrokke wees by die Kinderkerk, laerskooljeug, bejaardebediening en die Kerk se diensgroepe. Werkverdeling tussen die predikante in die gemeente geskied volgens 'n bedieningsplan wat jaarliks deur die ouderlingevergadering opgestel word.

'n Mededingende vergoedingspakket sal onderhandel word. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **18 Junie 2011**. Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak Hanlie Thirion (kerkkantoor) voor 13:00 by 014 763 4944 of per e-pos by [admin@onverwachtgemeente.co.za](mailto:admin@onverwachtgemeente.co.za), of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of [coenstrydom@lantic.net](mailto:coenstrydom@lantic.net).

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Emerituspredikant **ds Nico Janse van Rensburg** was onlangs in 'n ernstige motorongeluk betrokke op pad om 'n erediens te gaan lei. Hy het veral ernstige skouerbeserings opgedoen en word in die komende week geopereer. Ds Janse van Rensburg word sterkte en 'n spoedige herstel toegebid.
- Op Dinsdag 7 Junie is 'n *Festschrift* of huldigingsbundel in die vorm van 'n spesiale uitgawe van die **HTS Teologiese Studies** tydens 'n glansryke funksie aan **prof Andries van Aarde** oorhandig. Die geleentheidsrede is waargeneem deur prof Lina Spies, wat ook 'n gedig aan prof Van Aarde opgedra het. Prof Van Aarde het op 25 April 60 jaar oud geword, en is honorêre professor aan die Fakulteit Teologie en senior navorsingsgenoot in die Eenheid vir Gevorderde Studies van die Universiteit van Pretoria. Hy is reeds 36 jaar lank predikant in die Hervormde Kerk, en dien ook as voorsitter van die direksie van die To Care Foundation. 'n Groot getal gaste vanuit verskillende kerke en universiteite het die geleentheid bygewoon, en spesiaal gedrukte uitgawes van die huldigingsbundel is ook aan spesiale gaste oorhandig. Die huldigingsbundel, onder redaksie van proff Ernest van Eck en Yolanda Dreyer, bevat 70 navorsingsartikels van gedoktoeerde studente, kollegas en vriende uit 13 lande in Afrika, Europa, Noord-Amerika en Australasië. Dit is aanlyn beskikbaar by [www.hts.org.za](http://www.hts.org.za).
- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Junie**, en word hartlik geluk gewens.
  - Donderdag 9 Junie: Ds Kotie Mc Donald (beroepafwagting)
  - Sondag 12 Junie: Ds Nico Brayshaw (emeritus)
  - Maandag 13 Junie: Prof Bieks Beukes (emeritus), di Ben Erasmus (emeritus), Kerneels van Niekerk (emeritus) en Koos Viljoen (emeritus)



- Dinsdag 14 Junie: Ds Gert Beukes (beroepafwagend)
- Woensdag 15 Junie: Dr Rudy Denton (Potchefstroom-Studente)
- Donderdag 16 Junie: Dr Jan Truter (Letsitele)

- **Ds Janine Bevol-Manders** word op Sondag 12 Junie deur **Gemeente Witfontein** ontvang. Sy is beroep in die deeltydse standplaas. Sy word in haar amp bevestig en lewer daarna haar intreepreek. Ds Janine is bekend in die gemeente aangesien haar man, ds Jimmy Manders, reeds jare lank die voltydse standplaas behartig. Sy het oor die jare dikwels eredienste in die gemeente gelei. 'n Ideaal van die egpaar word nou verwesenlik om saam in een gemeente te werk.
- **Ds Martin Meyer** en sy gesin word op Sondag 12 Junie deur **Gemeente Secunda** ontvang. Na sy bevestiging in die amp, sal ds Meyer sy intreepreek lewer. Oudl Fred Paynter, ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal groete en gelukwense namens die Kommissie oordra. Die tweede standplaas van die gemeente was vakant sedert die afsterwe van ds Eduard Engelbrecht.
- **Gemeente Orkney** het besluit om sy standplaas te wysig na deeltydse bediening. **Ds Johan Holtzhausen** behartig die bediening in die gemeente en is bereid om onder dié omstandighede sy bedieningswerk voort te sit. Die daling in lidmaattal hang baie nou saam met die ontvolking van die gebied weens die sluiting van myne.
- **Gemeente Koedoesrand** is steeds besig met sy beroepswerksaamhede nadat hulle besluit het om 'n deeltydse predikant te beroep. In dieselfde ring sit **Gemeente Ebenhaëzer** ook hul beroepswerksaamhede voort nadat dr Daan van Wyk (jr) die beroep bedank het. **Ds Kalfie Loots** staan die gemeente tans as pastorale hulp by.
- **Gemeente Alberton** beplan om in Augustus 'n predikant na sy deeltydse standplaas te beroep.
- Die **Komitee vir Bejaardesorg** wat sedert 2010 ondersoek instel na die behoeftes van bejaardes wat nie in tehuise woon nie, se naam het verander na **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB)** om verwarring met bestaande strukture in die Kerk te voorkom. Hierdie Komitee is terdeë bewus van die geweldige nood vanweë mense se stygende lewensverwagting. Persone wat voel dat hulle 'n bydrae kan lewer in die soek en vind van oplossings, word uitgenooi om met die voorsitter, **dr Hennie van Deventer**, in verbinding te tree by 082 786 8448 of [htvd@worldonline.co.za](mailto:htvd@worldonline.co.za).
- Die **Kommissie van die AKV** vergader op **Donderdag 9 en Vrydag 10 Junie**. Tydens die middagete Donderdag sal **prof Bart en mev Jienie Oberholzer, prof Schalk en mev Babsie Botha, en ds Peet en mev Beatrix Kruger** saam met die Kommissie middagete geniet sodat hulle bedank kan word vir hul werk in die Kerk. Prof Oberholzer is vanjaar 60 jaar in die amp en prof Botha en ds Kruger 50 jaar.

Daar is nog kollegas wat dié mylpaal bereik het, maar wat om gesondheidsredes nie die geleentheid kan bywoon nie. In die besonder word gedink aan **ds Koos Viljoen**, wat predikant in Namibië was, en **ds Kálmán Papp**, wat predikant van Krugersdorp was. Daar word ook met groot dank aan hul werk gedink.

**Donderdagmiddag** voer die Kommissie die jaarlikse **gesprek met die dosente, Kuratorium en Proponentseksamenkommissie**. Verskeie belangrike sake sal aandag geniet.

**Vrydag** vind die jaarvergadering van die **Kinderhuise** plaas, en lede van die Direksie sal saam met die Kommissie middagete geniet.

Die Kommissie moet verskeie belangrike sake hanteer oor die komende **buitengewone sitting van die 69ste AKV**. Die benoeming van 'n **organiserende sekretaris by die Bybelgenootskap** in die plek van ds Jan de Wet wat later vanjaar aftree, sal hanteer word. 'n **Sekretaris vir die kantoor van die skriba** van die Kommissie van die AKV sal benoem word om die pos met ingang van 1 Julie te beman.

Belangrike sake wat predikante raak, onder meer **aansoeke om toelating tot die evangeliebediening** in die Hervormde Kerk, sal aandag geniet.

Soos gewoonlik sal sake wat gemeentes en gemeentelike standplase raak ook onder die loep kom. Enkele verslae van rade wat reeds met hul werk gevorder het, sal behandel word. Advies wat van die Raad vir Regsadvies aangevra is, sal hanteer word.

Die Kerk se voorbidding word gevra vir die werk van die Kommissie.

- Verskeie **gemeentes se inligting vir die Almanak** van 2012 is steeds uitstaande – die inligting moes die Sinodale Kerkkantoor reeds teen 31 Mei bereik het. Die besonderhede moet asseblief **teen Maandag 20 Junie op die laatste** gestuur word aan mev Karen Breedt by faksnommer 012 320 3279 of [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za). Dit is gemeentes se verantwoordelikheid om korrekte en opgedateerde inligting vir opname in die *Almanak* te voorsien.



- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhkDullstroom@yahoo.com) of 072 116 3353.
- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parking, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 12 Junie om 18:30: Ringsjeugdiens Pretoria-Wes**  
Gemeente Swartkop, Irelandlaan 107, Eldoraigne  
Kom vier Pinkster  
Bring nie-bederfbare voedsel saam vir barmhartigheid

## Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**  
Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande  
Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of [larry@newtestament.co.za](mailto:larry@newtestament.co.za)
- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**  
Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues  
R2 400 per persoon (2 etes per dag)  
Beperkte plekke beskikbaar  
Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042
- **26 tot 30 September: 2011 Konteks-toer na Laeveld**  
Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**  
Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448  
of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

## Konserte tot einde Junie 2011

- **Vrydag 10 Junie 2011 om 19:00: Gemeente Theresapark**  
Sop en sjerrie met die *Grafsteensangers*  
Laerskool Danie Malan, Jan van Riebeeckstraat, Pretoria-Noord  
R100 per volwassene, hoërskoolkinders R50  
Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699

## Sportbyeenkomste tot einde Junie 2011

- **Donderdag 16 Junie (Jeugdag): Diakens van ring van Losberg: Gholfdag**  
Blyvooruitzicht-gholfbaan (Wes-Rand)  
Borge en spelers welkom  
Kontak Johan Booyen by 082 447 4859 of Mac van Zyl by 082 806 7650
- **Saterdag 25 Junie: Gemeente Naboomspruit: Gholfdag**  
Naboomspruit-gholfklub  
Borgskap vir bowwe R1 000  
Borge vir pryse en verversings welkom  
Inskrywings per speler R150  
Aandetes vir spelers en hul gades  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 014 743 1325 of Karin Prinsloo by 082 486 8219

## Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Junie 2011

- **Gemeente Bergsig: Wen naweek by Mount Amanzi Game Lodge**  
Vraag: *Hoe ver vanaf Naboomspruit is die Lodge geleë?*



Mount Amanzi Game Lodge is 22 km wes van Naboomspruit en 175 km noord van Pretoria  
Daar is 15 selfbediening-chalets, 'n trouvenue, swembaddens, ens  
R20 per inskrywing  
**Sluitingsdatum 11 Junie**  
Kontak Marie by 082 402 4170

- **Gemeente Laeveld: Jagkompetiesie**  
**1ste prys:** buffelkoei (volbordpakket – alle kos en drank, voertuie, akkommodasie vir 5 nagte, afslag ingesluit)  
**2de prys:** leeuwyfie (volbordpakket soos hierbo)  
**3de prys:** elandkoei (akkommodasie vir 6 persone vir 2 nagte)  
R50 per kaartjie (koop 10 en kry 1 kaartjie gratis)  
**Sluitingsdatum 26 Junie**  
Kontak ds Gerhard Viviers by 073 900 9190 of 015 309 9580

## Basaars en markte tot einde Junie 2011

- **Vrydag 10 en Saterdag 11 Junie: Gemeente Bergsig: Osbraai**  
hv Karel Trichardt- en Leonidestraat, Mountain View  
**Vrydag:** Chinese braai R20 per persoon  
**Saterdag:** Osbraai R50 per persoon  
Kontak Marie de Wet by 082 402 4170 of Christa Venter by 082 430 2667

## ANDER NUUS

- **Die Ondersteuningsraad** het die afgelope jaar vier motors weens diefstal verloor. Daar word tans dringend gesoek na **goedversorgde tweedehandse voertuie** in die prysklas van ongeveer R50 000. Die kilometerlesing moet verkieslik nie 100 000 oorskry nie. Lidmate wat bewus is van beskikbare voertuie kan Mariaan Steenkamp skakel by 012 322 8885. Weens logistieke redes sal slegs voertuie wat in die omgewing van Pretoria beskikbaar is, oorweeg kan word.
- **Die Ondersteuningsraad** beskik vanaf 1 Julie 2011 oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder; minimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwinst wees; area Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp
  - Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
  - Maatskaplike Werker; area Vanderbijlpark
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)
- **Vereistes:** Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by [mariaans@nhk.co.za](mailto:mariaans@nhk.co.za) of Charmaine Fourie by [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za), 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.
- Die **To Care Foundation** is genader deur 'n instansie wat **gestremde mense** oplei en in die **werkplek** plaas. Lidmate wat fisies gestrem is, en opleiding wil ontvang om by bestaande maatskappye te kan werk, kan dr Wouter van Wyk kontak by 012 322 2081 of by [info@tocare.co.za](mailto:info@tocare.co.za). Lidmate met enige fisiese gestremdeheid, insluitende blindes of swaksindes, kan van hulle laat hoor. Dit sal 'n bonus wees as hulle graad 12 geslaag het of enige ander sertifikaat het. Sommige sal permanent aangestel word en die ander sal die geleentheid kry om 'n leerlingskap te deurloop.
- Die **Almanak/Bybelse Dagboek van 2011** is nou beskikbaar teen **R50** per eksemplaar – dus halfprys! Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za). Posgeld sal bygevoeg word.
- **Sondag 19 Junie: Nasionale Biddag vir Blindes**  
Bid asseblief vir al ons blinde lidmate en die ondersteunende organisasies
- Die **volgende vergaderings** vind tot 17 Junie plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergaderdertye en lokale.
  - Donderdag 9 Junie: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 10 Junie: Kommissie van die AKV
  - Maandag 13 Junie: Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede
  - Dinsdag 14 Junie: Koördineringskomitee



# KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“In aansluiting by Koos Myburgh van Reitz se kommentaar, net die versoek dat berigte oor ernstige siek predikante ’n bietjie meer inligting moet bevat, asseblief. Die skok is groot as ons later verneem die betrokke kollega is oorlede en ons nie weet wat fout was nie.”

Ds Richard van der Westhuizen, Tzaneen

## ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za), of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing**: u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

### PROSTUDIO

- Kerkorrels
- Kerkklokke
- Bladmusiek

Tel: 012 644 0178 Sel: 072 805 8866 E-pos: [info@prostudio.co.za](mailto:info@prostudio.co.za)

[www.prostudio.co.za](http://www.prostudio.co.za)

## AGTERBLAD

### Die wonder van die Drie-eenheid

**Die Julie 2011-uitgawe van *Konteks* is tans by die drukkers en word gedurende die volgende week aan intekenaars gestuur.**

Die voorblad beeld ’n verwondering oor die Drie-eenheid uit... Net soos die werk van die Heilige Gees, kan ’n mens die konsep nie in leerstellige woorde weergee nie. Dit is eerder om die wonder van God in ’n verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees te ervaar. Die uitbeelding laat skrefies lig deur op ’n uitsig van die volmaakte beeld van God: die verblindende lig van sy teenwoordigheid.

Wanneer ons daagliks in hierdie lig lewe, ervaar ons telkens die wonder van sy werk in ons lewe: soms onverwags en verrassend nuut; soms lank nadat ons opgehou het om daarvoor te vra; soms heeltemal anders as waarop ons gehoop het...

Lees ook prof Natie van Wyk, dr Elsabé Kloppers en ds Jaap Steenkamp se perspektiewe op die Drie-eenheid. Dr Sanrie de Beer vertel hoe ons as gemeentedele ons deel kan doen om Koninkryk-groen te leef en die aarde te bewaar. Gemeente Volksrust vier 150 jaar, Gemeente Delmas wys ons hoe om gestremdes werklik deel van die gemeentelike lewe te maak, en Louise Geyser voer ’n onderhoud met ’n bonsaikweker van formaat. Lees Magda van Deventer se wenke om geestesgesond te bly namate die jare aanstap.

\*\*\* Besoek [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) om meer te lees oor die nuutste beskikbare uitgawe van *Konteks*. Besoek die SENTIK-boekwinkel en koop enkel-eksemplare teen R13 elk.